

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 8; 2 KRONIEKE 21

FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 8: 7, 18

Joram – God se wraak oor die sonde en God se seën in geloofsgehoorsaamheid

Koning Joram (die Here is verhewe) se geloofsgetuigskrif lyk nie goed nie! Daar word in die teks pertinent op 'n hele paar sondes klem gelê (2 Kron. 21: 4, 6, 10, 11). Hy het die pad geloop (en bly loop) van die konings van Israel. 'n Joramsgetuigskrif ... 'n getuigskrif wat totaal en al op HOMSELF wys! Nie 'n Godvresende prentjie nie! Nie 'n God-erende getuigskrif nie, maar 'n God-onterende getuigskrif! Ons sien ook in hierdie gedeelte die Here se genade en trou (te midde van Joram se geloofsontrouheid). *Die Here wou egter nie die koningshuis van Dawid uitroei nie, want Hy het met Dawid 'n verbond gesluit en het belowe om vir Dawid en sy nageslag die troon vir altyd te verseker* (vs 7). Die getrouheid van die Here se verbond *teenoor* die ontrouheid van die koning. Ten spyte van die sonde en ellende word God se werk nie gekeer nie! God is op weg met sy volk. Sy verbondsbeloftes staan vas. Om Joram tot die volle besef van God se heiligheid te bring, stuur die Here vir Elia om deur middel van 'n brief vir Joram te waarsku (vs 12 ev.). Wanneer ons hierdie brief lees, is daar net een woord om dit op te som: ... *verdoemend!* Die vonnis is gevel! Die Here waarsku hom nie net nie, maar profeteer aan hom wat met hom sou gebeur – die verdoemende gevolge van 'n God-onterende getuigskrif! Wat was Joram se reaksie ...? Indien enige ...? Nadat hy hierdie verdoemende brief gekry het, het die Here hom nog steeds tyd gegee. Hy het nog bekeringstyd toegelaat. Joram het dit egter nie gebruik nie! Die Here het toe die Filistyne en die Arabiere vyande van Joram laat word (vs 16). Die druk van buite het toegeneem. Die druk van binne (sy hart) geensins! In dáárdie tyd ... nog steeds GEEN bekering nie! In dáárdie tyd ... GEEN beroep op God se genade nie! In dáárdie tyd ... GEEN verootmoediging en GEEN smeking voor God oor sy sonde nie! Vergelyk ons dit met koning Hiskia se geloofsreaksie in 2 Konings 20, het ons die teenoorgestelde gekry. Nadat Hiskia die boodskap van die Here gekry het dat hy sou sterwe, het hy sy gesig na die muur gedraai en tot die Here begin bid (2 Kon. 20:2). Ons weet wat het daarna gebeur – die Here het nog 15 jaar by sy lewe gevoeg. Nie by Joram nie! Die Here het hom met 'n ongeneeslike siekte getref (vs 18). Twee jaar daarna het hy gesterf (vs 19). In hierdie twee jaar het hy nog steeds nie sy tyd *in die Here* reg gebruik nie! Ons sien in hierdie gedeelte dat God se Woord (in hierdie geval deur die brief van Elia) 'n tweërlei uitwerking het: bekering of verharding. In Joram se geval: totale verharding! Joram het nie vasgehou aan God se verbondsbeloftes deur hom te bekeer nie, daarom het God se verbondswraak op hom neergekom! Ten spyte van die verlengde genadetyd, het hy dit nog steeds nie reg gebruik nie. Die Here wys ons in die eerste plek dat ons nie ligtelik met God se verbond moet omgaan nie. Ons moet aan sy verbondsbeloftes vashou, waarvan Jesus Christus die Verbondsmiddelaar is. Ons moet deur die geloof aan Hom vashou! Christus die Verbondsmiddelaar kom uit die geslag van Joram (Matt. 1:8). Die boodskap is duidelik: Joram is vir ons 'n voorbeeld van God se verbondswraak! Daarom die waarskuwing dat ons nie ons geloof in God moet versaak nie, maar geheel aan Hom moet vashou deur aan Hom gehoorsaam te wees!

Sing: Psalm 119:48, 49 (1936)

Ds. GJ (Gert) Erasmus (Komatipoort)